**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**DEUS EST VITA**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 13 SEPTEMBER 2018 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administrasie |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**BKN001/09/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Direkteur Tegniese Dienste open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN002/09/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/09/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie. Die Amptenare verklaar hulle kollektiewe belang ten opsigte van item BKA019 en BKA020 van die agenda.

***

**BKN004/09/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 28 AUGUSTUS 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 28 Augustus 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**BKN005/09/2018**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: DVD: HORST SCHULZE – PROVIDING EXCELLENT CUSTOMER SERVICES: (BKN031)**
**3/3/1/5**

Die Uitvoerende Burgemeester lig die Komitee in rakende die gemeenskapsvergadering wat hy op Maandag 10 September 2018 in Porterville bygewoon het.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee lig die volgende punte uit:

- Dat die publiek klagtes/probleme ondervind met dienslewering in Bergrivier Munisipaliteit;
- Dat die Uitvoerende Burgemeester alle skrywes/klagtes verwys na die verskeie Portefeulje Voorsitters om dit aan te spreek;
- Dat amptenare gebruik maak van die IMIS-klagtebestuurstelsel om klagtes op te laai en te voltooi;
- Dat alle Portefeulje Voorsitters ook klagtes op die stelsel kan laai, sodat dit spoedig afgehandel word;

- Dat 'n verslag voorgelê word met betrekking tot alle onafgehandelde klagtes by die volgende Formele Direksievergadering; en
- Dat die Kliëntediensbeamptes toekomstige gemeenskaps-vergaderings bywoon.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat sy reeds die verslag met betrekking tot die Uitvoerende Burgemeester se versoeke rakende dienslewering aan die Direkteure versprei het.

**BESLUIT**

Dat die Portefeulje Voorsitters al die klagtes spoedig deurgee aan die Direkteure, sodat dit deur die IMIS-Kliëntediensstelsel opgeneem en deur die betrokke amptenaar afgehandel word.

***

**BKN006/09/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BEDANKINGSBRIEF**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Dat 'n skrywe van dank vanaf Weskus Distriksmunisipaliteit ontvang is met betrekking tot die Weskus Goue Speleprogram, wat op Donderdag 30 Augustus 2018 op Porterville, plaasgevind het;
- Dat Raadslid du Plooy op Dinsdag 12 September 2018 verjaar het; en
- Dat 'n dankseggingsdiens waargeneem sal word deur Pastoor Williams vir bywoning deur die Wes-kaapse Premier op Vrydag 28 September 2018 (10:00 – 12:00), in die AME-Kerk Piketberg oor die goeie afgelope reënseisoen.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat versoek word dat die beoogde dankseggingsdiens by die onderskeie kerke afgekondig word;
- Dat 'n brief ontvang is vanaf Piket-bo Berg vir die borg deur Bergrivier Munisipalitiet vir die "Cycling Challenge";
- Dat die Phelophepa Gesondheidstrein vanaf Saterdag 15 September 2018 tot Vrydag 21 September 2018 in Piketberg gestasioneer sal wees; en
- Dat die Munisipale Bestuurder namens Bergrivier Munisipaliteit 'n onderhoud uitvoer met Radio Namakwaland en dat die borge vanaf Provinsie en Weskus Distriksmunisipaliteit ontvang is.

***

**BKN007/09/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/09/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/09/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: AANWYS VAN LEERDERS EN ONDERWYSERS OM BERGRIVIER MUNISIPALITEIT TE VERTEENWOORDIG IN BELGIË GEDURENDE 2019**
**9/1/2**

## BESLUIT

Dat die item by BKA030 bespreek word.

***

**BKN010/09/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee kortliks mondelinge agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

In sy terugvoer verwys die Direkteur Tegniese Dienste na die stand van die onderstaande damvlakke:

| Damme | Persentasie |
|---|---|
| Bergrivierdam | 98.2% |
| Voelvleidam | 80.5% |
| Damme tesame in die Wes-Kaap | 69.1% |

Verder bevestig die Direkteur Tegniese Dienste dat Bergrivier Munisipaliteit buite die gevaar sone is en dat Stad: Kaapstad hul waterbeperkings tot vlak 5 verlaag het.

Insette/kommentaar word gelewer deur die Munisipale Bestuurder en Raadslid Wessels.

## BESLUIT

Dat 'n skrywe/berig aan die plaaslike publiek gekommunikeer word, om hul in te lig oor die huidige stand van die waterkrisis/waterbeperkings wat geld vir Bergrivier Munisipaliteit.

***

**BKN011/09/2018**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 162, VELDDRIF (V.162)**
**7/2/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA die perseel vir die verskaffing van die minimum vlak van basiese munisipale dienste benodig, maar dat gedeeltes wel vir tuinmaak doeleindes en parkering aangewend kan word sonder om dienslewering te benadeel;
2. Dat die Raad 'n bedrag van R550.00 (BTW ingesluit) per jaar, met 5% jaarlikse eskalasie, bepaal as die huurbedrag vir die verhuring van Erf 162, Velddrif aan W.W. Hopley vir 'n tydperk van 36 maande; en
3. Dat die Munisipaliteit se voorneme om Erf 162, Velddrif aan W.W. Hopley te verhuur, vir 14 dae adverteer word en besware oorweeg word. Indien geen besware ontvang word nie, dat die huurooreenkoms met W.W. Hopley vir die huur van Erf 162, Velddrif vir 'n tydperk van 36 maande verleng word, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings.

***

**BKN012/09/2018**
**VOORSIENING VAN PARKERING OP MUNISIPALE EIENDOM: ERF 592, LAAIPLEK (L. 592)**
**7/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad toestemming verleen aan Celdor Holding Pty Ltd, vir die voorsiening van publieke parkering op Erf 592, Laaiplek soos aangedui op die sketsplan gemerk "A" *(Bylae B van die verslag)* onderhewig aan die volgende voorwaardes:

i. Bergrivier Munisipaliteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige kostes met betrekking tot die voorsiening van die parkeerruimtes nie;
ii. Bergrivier Munisipaliteit moet skriftelik gevrywaar word van enige finansiële kompensasie vir die verbeterings wat aangebring word;
iii. Die parkering sal beskikbaar wees aan die algemene publiek, en mag nie gereserveer word vir privaat ondernemings nie;
iv. Bergrivier Munisipaliteit behou die reg voor om die grond vir dienslewering aan te wend indien nodig; en
v. Die parkering moet geplavei en duidelik uitgemerk wees, en moet dimensies van 5m x 2.5m hê soos bepaal deur die Bergrivier Munisipaliteit: Geintegreerde Soneringskema Verordening.

***

**BKN013/09/2018**
**VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: 'N GEDEELTE VAN PUBLIEKE OOPRUIMTE ERF 705 PIKETBERG (PB. 705)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad nie die gedeelte grond (uitvalgrond ±600m²) soos aangetoon op die opgemete landmeter diagram deur CJ Nortje vir dienslewering benodig nie;

2. Dat die gedeelte van Erf 705, Piketberg nie as 'n afsonderlike sinvolle erf benut kan word nie en gevolglik aan die eienaar van Erf 2176, Piketberg beskikbaar gestel kan word;

3. Dat die eiendom vervreem word teen 50% van die gemiddelde residensiële waarde (BTW ingesluit), alternatiewelik kan die eienaar self 'n waardasie op die Erf 705, Piketberg laat doen;

4. Dat die Raad se Intensie om 'n gedeelte van die publieke oopruimte Erf 705, Piketberg (±600m²) te vervreem vir 14 dae geadverteer word vir publieke kommentaar/vertoë; en indien geen vertoë ontvang word daar voortgegaan word met punt nommer 5 en 6;

5. Dat die applikant op sy eie onkoste formeel aansoek doen om sluiting van publieke oopruimte, onderverdeling, hersonering asook konsolidasie ingevolge Bergrivier Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning; en

6. Dat die stormwatersloot nie geaffekteer mag word deur die voorgestelde vervreemding of moontlike onderverdeling van die gedeelte grond nie en dat die hantering van stormwater tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste hanteer word.

***

**BKN014/09/2018**
**VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ERF 3499 PORTERVILLE (PTV. 3499)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**AANBEVELING: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

Dat die aansoek om munisipale besigheidperseel Erf 3499, Porterville te vervreem **afgekeur** word, aangesien die betrokke eiendom benodig word vir toekomstige plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur die munisipaliteit en kan om hierdie rede nie vervreem word.

***

**BKN015/09/2018**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERWE 2965, 2966 & 2967 PORTERVILLE (VOETGANGER DEURGANG TUSSEN PROTEASTRAAT EN DJ PEARCE LAAN) (PTV. 2965, 2966 & 2967)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking en die aanbevelings uit die Korporatiewe Dienste Komitee word soos volg gewysig:

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die petisie ontvang bewys dat die voetganger deurgang wel deur ‘n groot gedeelte van die plaaslike gemeenskap benut word en kan die grond om hierdie rede nie deur die Raad vervreem/gesluit word nie;
2. Dat alternatiewe deur die Stadsbeplanner (Oos) in samewerking met die plaaslike Siviele Ingenieurs asook Elektriese dienste ondersoek word, ten einde probleme met die huidige stand van die deurloop aan te spreek;
3. Dat die betrokke Amptenare tesame met die Wyksraadslid van Wyk 2, ‘n terplaatse ondersoek doen voor die vergadering van Uitvoerende Burgemeesterskomitee wat sal plaasvind op Donderdag 13 September 2018; en
4. Dat die Raad in beginsel goedkeur dat die deurgang beveilig word en dat die Tegniese Dienste Direktoraat versoek word om die moontlikheid van ‘n deursigtige pallisade heining te ondersoek vir oorweging tydens die volgende begrotingsprosesse (2019/20).

***

**BKN016/09/2018**
**INTRODUCTION OF DRAFT AMENDMENT TO THE BY-LAW ON MUNICIPAL LAND USE PLANNING**
**15/1/7**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief background to the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the contents of the report be noted;
2. That in terms of section 12(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) amendment to the By-Law on Municipal Land Use Planning be made;
3. That in terms of section 12(3)*(b)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the proposed amendment to the By-Law on Municipal Land Use Planning be published for public representations; and
4. That the proposed amended By-Law on Municipal Land Use Planning and any representations received, be submitted to Council for consideration.

***

**BKN017/09/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JULY 2018**
**5/1/B, 5/1/1**

The Director Financial Services gave a brief background to the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for July 2018.

***

**BKN018/09/2018**
**MANDAAT VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT TEN OPSIGTE VAN ONDERHANDELINGS: GROOTMAAT WATER VOORSIENING DEUR WATER MONITERINGSRAAD EN ARTIKEL 78 ONDERSOEKE**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die uitslag van GLS konsultante se verslag aan Bergrivier Munisipaliteit aanvaar as die formele mandaat; en
2. Dat die Uitvoerende Burgemeester tesame met die Munisipale Bestuurder, Hoof: Finansiële Beampte (CFO), Direkteur Tegniese Dienste en die Portefeulje Voorsitter vir Tegniese Dienste, gemandateer word om namens Bergrivier Munisipaliteit te onderhandel en ‘n volle mandaat gegee word om in belang van Bergrivier Munisipaliteit en die groter gebied ‘n geskikte oplossing te probeer vind; en
3. Dat die onderhandelingspan ten minste moet bestaan uit drie van bogenoemde lede, waarvan 1 minstens ‘n raadslid moet wees.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN019/09/2018**
**VOORTGESETTE MEDIESE FONDS LIDMAATSKAP NA AFTREDE OF OORLEDE IN DIENS VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**4/5/B**
***('n Vervangende aanbeveling word voorgelê - Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking. Voorts hou hy die aanbevelings voor vir besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

1. Dat die versoek van Me Swart goedgekeur word;
2. Dat die afhanklikes van wyle mnr J Engelbrecht ook kwalifiseer vir voortgesette medies;
3. Dat alle persone voorheen in diens van Bergrivier Munisipaliteit en tans beskik oor voortgesette medies, dit behou op die voorwaardes soos voorheen goedgekeur deur die Raad;

4. Dat alle permanente werknemers huidig in diens van Bergrivier Munisipaliteit kwalifiseer vir voortgesette medies, asook die drie poste in Bergrivier Munisipaliteit wat wetlik verhoed word vir permanente aanstellings, naamlik:
   - Die Munisipale Bestuurder;
   - Die Strategiese Beampte in die kantoor van die Uitvoerende Burgemeester;
   - Die Persoonlike Assistent in die kantoor van die Uitvoerende Burgemeester;
5. Dat die betrokke beleid (as aanhangsel tot die notule) rakende Lidmaatskap van Mediese Fondse en die Registrasie van Afhanklikes op die betrokke Fonds met wysigings goedgekeur word;
6. Dat slegs permanente werknemers wat aangestel is na die goedkeuring van die beleid ten minste 10 jaar aaneenlopende diens by Bergrivier Munisipaliteit moet voltooi, voordat die werknemer met aftrede of afsterwe of mediese ongeskiktheid kan kwalifiseer vir voortgesette lidmaatskap vir hom/haar met afhanklikes tot 'n geakrediteerde mediese fonds;
7. Dat voormelde aanbeveling soos vervat in punt 6 slegs van toepassing is op nuwe permanente aanstellings na goedkeuring van die beleid en ingesluit word in nuwe dienskontrakte; en
8. Dat beide vakbonde tydens die eerskomende Plaaslike Arbeids-forumvergadering dienooreenkomstig van die Raad se besluit ingelig word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN020/09/2018**
**<u>REVISED TRANSPORT ALLOWANCE POLICY</u>**
**4/5/2/5**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief background to the item under discussion.

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That the revised Transport Policy for Bergrivier Municipality be recommended to the Executive Mayoral Committee for approval;
2. That the policy become effective upon approval thereof by the Executive Mayoral Committee of Bergrivier Municipality;
3. That the Executive Mayoral Committee take note that the current approved 2018/19 budget may not be enough to implement the policy and that the Directors and Municipal Manager be requested to manage it within the approved budget, and
4. That the reference to *"AA-tariff"* in the Travel and Subsistence Policy be changed to "*at the running cost rate (private rates) determined by the Department of Transport as published from time to time, in respect of approved journeys outside the borders of Bergrivier Municipality, where they utilize their own private vehicle for official duties."*

***DIRECTOR CORPORATE SERVICES***

***

**BKN021/09/2018**
**DISPOSAL OF MUNICIPAL LAND**
**7/2/1**

Councillor Daniels gave a brief background to the item under discussion.

Additional inputs/comments were made by the Director Corporate Services.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee approve the process to be followed annually when disposing of Municipal Land in accordance with the process flow diagram attached as ***Annexure B*** in the report.

***DIRECTOR CORPORATE SERVICES***

***

**BKN022/09/2018**
**VERSLAG VIR LAAT AFLEWERING VAN MUNISIPALE REKENINGE IN AUGUSTUS 2018**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking. Die aanbevelings rakende die Finansiële Dienste Komitee word soos volg gewysig:

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee toestemming verleen om kwitansies tot en met 05 September 2018 te aanvaar vir 31 Augustus 2018 se kwitansies; en
3. Dat rente wat op 06 September 2018 gehef word, teruggeskryf word indien die rekening ten volle betaal is op 30 September 2018; en
4. Dat die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gekommunikeer word met die breë gemeenskap.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN023/09/2018**
**VERSLAG VIR WANBETALING IN GEDIENSTE ERWE-SANDLELIE 137**
**5/1/B, 5/1/1**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering wat plaasvind op Dinsdag 25 September 2018.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN024/09/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 25 JULIE 2018**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Bodtoekenningskomitee vergadering soos gehou op Woensdag 25 Julie 2018.

***

**BKN025/09/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN026/09/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN027/09/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN028/09/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN029/09/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN030/09/2018**
**AANWYS VAN LEERDERS EN ONDERWYSERS OM BERGRIVIER MUNISIPALITEIT TE VERTEENWOORDIG IN BELGIË GEDURENDE 2019**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Munisipale Bestuurder en Bestuurder: Strategiese Dienste vir hul voorbereidings met betrekking tot die toer na België.

**BESLUIT**

1. Dat die onderstaande leerders uit die volgende skole gekies word om Bergrivier Munisipaliteit te vergesel na België in 2019; onderhewig aan die voorwaardes gestel in die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van Dinsdag 31 Julie 2018;

| **Porterville Hoërskool** | **Piketberg Hoërskool** | **Steynville Sekondêr** | **Velddrif Hoërskool** |
|---|---|---|---|
| *Aantal Graad 11's en 12's in 2019 = 116* | *Aantal Graad 11's en 12's in 2019 = 110* | *Aantal Graad 11's en 12's in 2019 = 549* | *Aantal Graad 11's en 12's in 2019 = 80* |
| *Aantal aansoeke ontvang = 10* | *Aantal aansoeke ontvang = 5* | *Aantal aansoeke ontvang = 5* | *Aantal aansoeke ontvang = 6* |
| **Rohan Knoetzen** | **Con-Li Halvoren** | **Romeo Mateta** | **Ziani Muller** |
| **Marshall Gouws** | **Ravell Frans** | **Annwillay Jansen** | **Paula Fester** |
| | | **Rayvern-Lee Kayster** | |
| | | **Danielle Monk** | |

***MUNISIPALE BESTUURDER***

2. Dat die volgende leerkragte die groep vergesel: Merlyn Doman (Steynville: Kring 2) en Adri van der Westhuizen (Velddrif: Kring 3); en

3. Dat die volgende leerders gekeur word as plaasvervangers: (Plaas-vervanger 1: Lea de Vries) (Plaasvervanger 2: Francesca Olivier).

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:00*

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***